Mediavrystelling

Suid-Afrika, 29 November 2011 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2011 aangekondig.

VOLGEHOUE UITBREIDING, BESTENDIGE OMSETGROEI

Naspers het vandag ’n styging van 17% in omset tot R18,5 miljard aangekondig vir die ses maande tot 30 September 2011.

Kernwesensverdienste, wat die direksie as ’n goeie aanduiding van volhoubare prestasie beskou, het met 8% tot R3,5 miljard of R9,21 per aandeel gestyg. Ontwikkelingsbesteding het R1,1 miljard beloop as deel van die groep se strategie om langtermynontwikkeling te stimuleer. Positiewe vrye kontantvloei van R1,4 miljard is geskep.

“Ons het die afgelope ses maande verder uitgebrei,” sê Naspers se voorsitter, Ton Vosloo. “Ons internetbesigheid het voordeel getrek uit beide organiese groei en ’n paar kleiner verkrygings.”

Soos verwag, het die pas van intekenaargroei in betaaltelevisie ná die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi afgeneem. Ongeveer 269 000 nuwe intekenare is gedurende die ses maande tot September toegevoeg en die diens bereik nou 5,2 miljoen huishoudings dwarsoor Afrika. Handelsmarges is beperk deur groter belegging in plaaslike inhoud, dekodeerdersubsidies en die ontwikkeling van nuwe produkte.

Die tegnologiebesigheid, Irdeto, het sedert die begin van die jaar 9,3 miljoen voorwaardeliketoegangstelsels verskeep en in nuwe marksegmente belê.

Internetomset het steeds gestyg en segmentele omset is 50% hoër op ‘n jaargrondslag. As gevolg van ‘n toenemende fokus op organiese uitbreiding, wat as koste te boek gestel word, het handelswins slegs 7% gestyg tot R1,9 miljard.

Drukbedrywighede in Suid-Afrika het beskeie omsetgroei van 7% getoon. Advertensie-inkomste is ook steeds lusteloos. Handelswins is gedemp deur die die implementering van nuwe besigheidsbestuurstelsels.

Naspers se aandeel van inkomste van verwante maatskappye, waaronder Tencent in China, Mail.ru-groep in Rusland en Abril in Brasilië, het met 32% tot R2,2 miljard gestyg.

“Aanduidings is dat omsetgroei oor die volgende ses maande stewig behoort te wees,” sê Naspers se uitvoerende hoof, Koos Bekker. “Ons sal steeds op organiese uitbreiding fokus.”

Naspers se finansiële direkteur, Steve Pacak sê voorts, “Soos reeds gewaarsku, sal winste verminder word deur toenemende ontwikkelingsbesteding in verskeie van ons besighede. Ons glo dit is ’n gesonde strategie wat die groep op lang termyn sal bevoordeel.”

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudings
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Steve Pacak, Groep Finansiële Direkteur
Tel: +27 21 406 3585
+27 21 406 2480
Selfoon: +27 83 250 0006

Die volledige resultate is beskikbaar op die Naspers webtuiste: http://www.naspers.com.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunt en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan ’n aantal risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouings wat hierin vervat is nie.